## KLERKSDORP.

(Van ons Korrespondent).

Waarde heer,

Aangesien daar so min van ons dorp in uw veelgelese blad verskyn, wil ik u so een en ander verhaal.

Die dorp was lang stil die laaste maand, want meeste van die kinders van die dorp was weg met die vakansie, nou het die skool weer begin en die dorp is woelig en vol geraas.

Mnr. Moerdijk was maandag in die dorp in verband met die vrouwe monument. Die Tender van Mnr. W. F. Barker van £1192 8s. 6d. is aangeneem, Mnr. Barker sal dadelik begin met die werk en meen om in 18 weke klaar te wees.

Die 16de Des. sal die Plegtigheid wees. En die sprekers is als volg. **Gen. Hertzog, Kemp, Piet Grobler, Theron, Mev. de la Rey, met mnr. Moerdijk.** Hy sal praat oor die bouwing van monumente in die geskiedenis van die volk.

Hoe belangryk dit is, ons het briewe van byna die hele Westelike Transvaal ook van Bromkorst-spruit, Pretoria, en andere plekke, dus ons meen hier sal die 16de Des. baie mense wees. Moet die geleentheid kry ons tog ook ons groot staatsman hier, ons sal baie bly wees om hom te hoor, ons hoop ook als die ys eers gebreek is, om hom meer hier te sien en te hoor.

Oom Koos Smit is weer terug in die Parlement en sal daar bly tot die Parlement opbreek. Want sy kantoor is vol Velders, as ik in die kantoor van Mnr. Smit kom dan is ik helemaal dronk geslaan. Want ik hoor van Vosvelt, Slangvelt, Turfvelt, Vlakvelt, en die laaste is in die vorm van mnr. Mansvelt. Die in vervolg die Vendusies neem, en mnr. Swaneveider, die doen die Prokureurswerk.

Mnr. Badenhorst, voorheen in mnr. Smit se kantoor die werk nou by mnr. du Toit en Phol.

Met die boere gaan dit goed, want jy hoor net van oes van die more tot die aand. Hul het ook nou 'n Boere Vereniging hier gestig en het die prys van mielies vasgestel op 30/- per sak. Mooi so boere! Want die handelaar doen dit, waarom nie die boer, dit sal misskien help om die hoë pryse van die winkelier se goed af te breng.

Hier is nou ook een kompanie besig om 'n ys huis te bouw of dit ons dorpenaar gaan help weet ik nie, maar ik hoop so want ons trek nou strop. Dit gaan maar broekspeur, want die vlys is duur, en die gewig is klein.

Vandag is Oom Danie in Pretoria waar hul Program opstel vir die aanstaande Prov. eleksie.

Na die offisiele nominasie sal oom Danie begin met sy eleksie stryd. Ons sien ook al verlangend uit na die vergaderings, want ons wil darm die oubaas se pols voel. Ons denk nog aan die dae toen Komdt. Flemming afgevaardigde was na die vredes konferensie te Vereeniging, hoe beslis sy houding was en ook weer in 1914. Ons denk ook oom Danie is die regte man op die regte plek.

Vee-Vendusies:—Beeste bly op prys. Vet osse is skaars en duur, Trekosse is bietjie af maar vir Melkkoeie is daar 'n groot aanvraag, want ons betaal 7d. per punt vir meid. Skaap en Bok is maar duur en skaars, die inskrywing vir Augustus is baie goed, want dan koop die boer mos weer trek osse om te ploeg, en die ou os word aan die slagter verkoop.

Met die Siektes in die dorp gaan dit beter, ik verstaan die nuwe gesondheids inspekteur die is baie strik en het ook heelwat sake in die hof gehad. Vir vuiligheid, meestal koelies, die kan hy maar woel want hul is mos soos varke.

Als die eleksie vergaderings eers begin dan sal daar heelwat te vermelde wees, want dan is die riemtelegram gewoonlik in goeie werkende orde.

20 Julie, 1920.